**Vier agter tralies danksy spanpoging** 2

**Veilings kraai steeds koning in Waterberg** 10


# Die Pos / The Post

30 Julie 2021 Web: diepos.co.za R8.00


**Merke, gereed, blom!** 3





Leerders en personeel het op Maandag 26 Julie ná 'n uitgerekte wintervakansie teruggekeer vir die derde akademiese kwartaal. Die gewysigde skoolkalender dui aan dat skole voorlopig eers weer op Vrydag 1 Oktober sluit. Die vreugdesvure is vandeesweek sommer ekstra groot by Laerskool Warmbad aangesteek. Theron Brand, skoolhoof, het in die vakansie die gevreesde Covid-19-virus opgedoen en is baie dankbaar dat hy sodanig herstel het dat hy op die eerste skooldag van die nuwe kwartaal weer op sy pos kon wees. Saam met hom op die foto is Isabel Aguinaga-Benitez, Phenyo Moganedi, Callam de Groot, Karla Smith en Lindi Prinsloo. Foto: Herman Steyn

# Een, twee, drie blok myself!


Waterfront Signs
014 736 3336
Your 1-Stop Print & Sign Shop!

CENTURY 21 Bela Bela
A Worldwide Leader in Real Estate
014 736 2020
082 888 2020
www.century21.co.za
Century 21 Bela Bela

58 Years Jaar IN DIENS VAN DIE VEEBOER
Kantoor: 014 004 0028/9 "Like" ons op facebook vir meer inligting!
Paul v Vuuren: 083 230 3595
E-pos: andrekocklimpopo@sastud.co.za
www.andrekocklimpopo.co.za

Middelman
Morkel Booyse vir jou versekering
"Word jy betaal om nie te eis en as jy eis word dit nie betaal nie?"
Praat met ons
FORUM Makelaars Brokers FSB 17660 18 Mentzlaan 014 736 2600/01

40 YEARS OF EXPERTISE
TRELLIDOR THE ULTIMATE CRIME BARRIER
TRELLIDOR MODIMOLLE:
014 717 5712
Shop no 12, Maranatha Building, Nelson Mandela Drive, Modimolle
www.trellidor.co.za

NOU OOK IN THABAZIMBI
hier om te bly!
FC Pelser
Verslaggewer
Sel: 071 422 1278
E-pos: thabapos@gmail.com
Die Pos JOU KOERANT YOUR NEWSPAPER

BING BUILDING
Building Materials & Hardware
Cement Bricks low PRICES
We deliver
Get your QUOTE now!
014 733 0734 | 014 733 0739
Radium R101 ingrid@bingbuilding.co.za

NYLSTENE
014 717 3737
SABS CLAYBRICK for good Environmentally Friendly

WEN! GRATIS BOEKE met ons sms-kompetisie
HOU VOLGENDE WEEK SE UITGAWE DOP

Bela-Bela
3 Potgieter Str (R101), between Shell Garage & Hassims Supply store
071 231 2383
T&C's apply.
WE DELIVER! PHONE US TODAY.
DEBONAIRS PIZZA
TRY SOMETHING AMAZING



9 771028 763000

# Spanwerk lei tot inhegtenisname



**Die puik samewerking van verskeie polisie-eenhede, veiligheidsorganisasies en lede van die publiek het gelei tot die inhegtenisname van 'n groep voortvlugtige misdadigers tussen Modimolle en Bela-Bela. Op die foto staan twee lede van die Heritage Protection Group (HPG), Giel Herbst en Ben Engelbrecht, saam met die helikoptervlieënier, lt.kol. Siba Tyu.**

**Sarita Kriek-Vosloo**

Puik samewerking van verskeie polisie-eenhede, veiligheidsorganisasies en lede van die publiek het op Saterdag 24 Julie gelei tot die inhegtenisname van 'n groep ontsnaptes in die Eersbewoond-omgewing tussen Modimolle en Bela-Bela.

Volgens AO James Findlay, polisiewoordvoerder, het die vier op Woensdag 21 Julie ontsnap terwyl hulle onderweg was vanaf die korrektiewe dienssentrum in Polokwane na Mokopane waar hulle op Vrydag 23 Julie in die Mokopane-streekhof moes verskyn vir vonnisoplegging. Die ontsnapping het op die R101-deurpad, suid van Polokwane, plaasgevind.

Die polisie ondersoek 'n saak teen die polisiebeampte wat glo tydens die voorval deur die mans oorrompel en van sy dienspistool beroof is.

Die polisie ondersoek die moontlikheid dat dieselfde voortvlugtiges kort ná hul ontsnapping by twee afsonderlike voorvalle betrokke was waar vragmotors op die N1-snelweg tussen Kranskop en Mokopane gekaap is. Die eerste vragmotor is op Donderdagaand 22 Julie naby Eerstegoud buite Polokwane gekaap. Die tweede insident het op Vrydag 23 Julie omstreeks middernag by die Nyl Plaza-tolhek plaasgevind. Die aangehoudenes het te voet op die vlug geslaan nadat die gekaapte vragmotor teen 'n padversperring by die Kranskop-tolhek gebots het.

Volgens die polisie is 'n grootskeepse soektog van stapel gestuur om die vier vas te trek. Die onderskeie rolspelers het almal op Saterdagoggend 24 Julie in die Kranskop-omgewing byeengekom onder leiding van AO. Ross Rossouw van die Modimolle-polisie. Daar was beamptes van nabygeleë polisiestasies, asook verskeie SAPD-eenhede, 'n polisiehelikopter en privaat vliegtuig, lede van die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF), Limpopo-hoofwegpatrollie (LHP), Heritage Protection Group (HPG) en verskeie takke van AfriForum.

Een van die voortvlugtiges het glo op die polisie losgebrand terwyl hulle besig was om hom aan te keer. Die polisie het na verneem word ook skote afgevuur en die gewonde voortvlugtige is kort daarna in hegtenis geneem. Nog twee mans is kort daarna in dieselfde omgewing aangekeer. Die gesteelde polisiedienspistool is ook in die bosse gevind.

* Luidens die polisieverklaring het Figo Madisha (35), Clifford Mutonhori (34) en John Fine (36) op Dinsdag 27 Julie in die Mokopane-hof verskyn op aanklagte van gewapende roof, asook die besit van ongelisensieërde vuurwapens en ammunisie.

'n Vierde verdagte, Frans Benge Baloyi (48), wat nie saam met die groep ontsnap het nie, het saam met hulle verskyn.

Hierdie klagtes spruit uit voorvalle wat in April 2019 in die Modimolle-, Mookgophong-, Bela-Bela- en Mokopane-omgewing plaasgevind het. Die mans is al vier vonnisse van minstens twintig jaar tronkstraf elk opgelê.

'n Vierde verdagte, Dennis Hove (39), 'n Zimbabwiër, is nog op vrye voet.

Lt.genl. Thembi Hadene, provinsiale polisiekommissaris, het in die mediaverklaring alle rolspelers bedank vir hul samewerking om hierdie mans aan te keer. Lede van die gemeenskap is ook bedank vir hul volgehoue betrokkenheid en ondersteuning.



## Aangepaste vlak 3: Gevaar is nog lank nie verby

**Pres. Cyril Ramaphosa het op Sondag 25 Julie aangepaste vlak 3-inperkings aangekondig ingevolge die Covid-19-pandemie. Maatreëls geld vanaf Sondag 25 Julie tot verdere kennisgewing. Mense word egter gewaarsku om steeds waaksaam te wees en die nodige maatreëls te volg. Hier volg die hoogtepunte van die toespraak:**

- Die aandklokreël is nou van 22:00 tot 04:00.
- Alkoholverkope is toelaatbaar vanaf 10:00 tot 18:00 van Maandae tot Donderdae. Restaurante en kroeë mag volgens regulasies drank verkoop tot 20:00.
- Alle sakeondernemings moet hul deure saans teen 21:00 sluit om hul personeel die geleentheid te bied om betyds by hul huise te kom.
- Alle skole heropen vanaf Maandag 26 Julie.
- Binnehuise byeenkomste word beperk tot 50 mense en slegs 100 mag in buiteareas vergader.
- Die maatskaplike rampverligtingsfonds wat 'n maandelikse betaling van R350 verskaf, word weer ingestel tot einde Maart 2022.
- Begrafnisse word beperk tot 50 mense.
- Interprovinsiale reise mag hervat word.
- Mense word aangemoedig om te registreer om die entstof te ontvang.
- Die dra van maskers in openbare plekke is steeds verpligtend.

— Grafika: Willie Nel




Het jy hulp nodig om **finansiële sekerheid** te kry?

Dis nie altyd maklik om alleen finansiële besluite te neem nie, veral nie wanneer dit jou toekoms en dié van jou geliefdes raak nie. Gelukkig hoef jy dit nie op jou eie aan te pak nie. Dis vir Sanlam belangrik dat jou geld hard moet werk, en ons het 'n suksesrekord van saam beplan aan ons kliënte se finansiële toekoms.

Ons kan hiermee help:

- **Finansiële beplanning**
- **Lewensdekking**
- **Ongeskiktheidsdekking**
- **Spaar en beleggings**
- **Voorsiening vir aftrede**
- **Spaar vir opvoeding**

Skakel ons by **Juksta BlouSter Finansiële Adviesdienste** sodat ons kan gesels oor hoe ons jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.

Jan Hendrik Jacobs, Prinsipaal, 071 895 1502
Salomé Wessels, 083 371 5949
Ben Scott, Direkteur, 082 867 2786
Annemi Oosthuizen, Korttermynversekering, 066 293 5034
Frik Cloete, Korttermynversekering, 082 951 6278
Antionette Cloete, Korttermynversekering, 082 563 8148
Melanie Webb, Korttermynversekering, 072 559 5184

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

Sanlam
Lewe met sekerheid

Pavecon
excellence in concrete products
admin@pavecon.co.za
www.pavecon.co.za
• PAVING • BRICKS • KERBS
014 007 0564
BUILD WITH CONFIDENCE
We are proud of our products
c/o Von Willich and Nywerheid Street, Industrial Area, Modimolle

SLEEPWAENS GESOEK
OM TE KOOP VIR KONTANT! $$ Waterberg-omgewing
• Enige grootte sleepwaens
• Moet registrasiedokumente hê
• Allerhande losgoed
Kontak Dawie de Jager 082 373 5723 of belabelafarms@gmail.com

EHLERS ELEKTRIES
NYLSTROOM cc
087 813 0597 / 082 444 4988
014 717 2055
Thabo Mbeki 93, Nylstroom
jaco@ehlerselektries.co.za
Vir al u elektriese benodighede & toebehore
Handelstye: Ma-Vry 07:00 - 16:30
Sat 08:30 - 12:00

AUTO HEK
KONTAK JOHANNES 083 756 0169
- Skuifhek motorisering
- Garagedeur installasies & motorisering
- Interkomstelsels
- Diens- en herstel van bestaande stelsels
- Verskaf en installeer van Solar pompe

# Merke, gereed, blom!


Diane van de Merwe, algehele wenner van die eerste Die Groenste Vingers-program wat op kykNET uitgesaai is.

**Andries van der Heyde**

Die televisieprogram, Die Groenste Vingers, het op Donderdag 15 Julie hul eerste seisoen se finale episode uitgesaai en ook hul eerste wenner, Diane van de Merwe, bekend gemaak.

Van de Merwe is die dogter van David en Denita Kenchington van Bela-Bela.

Die program is op 'n kompetisiegrondslag geskoei. Altesame 12 deelnemers vanoor die land het hul vernuf met blomme gewys en is deur die twee ervare beoordelaars, Frans Gräbe en Leon Kluge, opdragte gegee vir spesifieke geleenthede. Van de Merwe het van die eerste ronde al die beoordelaars beïndruk met haar vernuf. Edrien Erasmus is die aanbieder. Die program is by Schafflers-kwekery in Johannesburg opgeneem.

Van de Merwe is tans die bemarker en byeboer vir Kehillah Farms (beter bekend as Agri Warmbad-padstal) net buite die dorp op die R101 wat as 'n familieonderneming bestuur word. Die padstal is bekend vir sy keurige tuisgebakte produkte en vars groente, vleis en eiers wat op die plaas verbou word.

"My ma het my van kleins af geïnspireer om tuin te maak en die ruimte om my aantreklik te maak. Ek was op skool bekend daarvoor dat ek altyd vars blomme in my sakke gehad het. Vandag kan ek dit in my eie tuin ook uitleef," het Van de Merwe gesê.

"Ek kon aan die program deelneem terwyl ek op 'n vryskutbasis blomme behartig het en 'n vriendin het my op sosiale media daaraan herinner om dadelik in te skryf. Ek geniet baie dinge in die lewe, maar blomme is beslis my passie."

Sy het vertel dat plaaslike plantliefhebber, Celia Hoffman van die Inkalane-kwekery, haar liefde vir blomme aangemoedig het en vir haar die fyner kuns en tegniek gewys het om plante te laat floreer.

"Ek het baie lank probeer om die mark te betree en was in my noppies toe 'n bekende vermaaklikheidspersoon my gevra het om hul spogtroue se blomme te behartig. Dit was die deur wat oopgegaan het en ek kon my passie ontwikkel en my uitleef in nuwe opdragte," het sy gesê.

"Ek het nog altyd geweet blommerangskikking is presies wat ek elke dag wil doen. My hart is behoorlik vol."

Sy het voorts vertel dat haar senuwees maar geknaag het tydens die kompetisie. Sy was onseker of sy aan die befaamde beoordelaars se standaarde voldoen.

"My senuwees was behoorlik klaar. Ek het ná elke uitdaging gedink ek gaan huis toe en was telkens verras as hulle my rangskikking as die wenner aangewys het."

"Ek wou begin huil toe my naam in die finale ronde as wenner uitgeroep is. Dit was onwerklik om met die trofee, titel, die oulikste Gardenia tuinapparaat en 'n kontantprys weg te stap."

Sy bedank haar man, Etienne, haar ouers, haar suster Bianca Duvenage, die res van die gesin, skoonfamilie en elke persoon wat haar geïnspireer en ondersteun het.

"Al woon ons tans in Pretoria, is my ouers se plaas ons tweede tuiste."

Die kompetisie het vir my die hupstoot gegee om my eie onderneming, Consmania Floral Artistry, te begin en ek hoop dat die program se blootstelling my verdere geleenthede sal bied om vir kliënte hul spesiale dae nog mooier te maak met blomme.

# Verkiesing uitgestel na 2022

**Andries van der Heyde**

Die munisipale verkiesing wat in Oktober vanjaar sou plaasvind, is deur die onafhanklike verkiesingskommissie (OVK) weens die Covid-19-pandemie tot in 2022 uitgestel.

Die nasionale registrasieweek, wat vir Saterdag 31 Julie en Sondag 1 Augustus geskeduleer was is ook onbepaald uitgestel. Dit sal na alle verwagting ook eers aanstaande jaar plaasvind.

Regter Dikgang Moseneke het verlede week op 'n mediakonferensie bekend gemaak dat hulle aanbeveel dat die verkiesing eers in 2022 plaasvind. Volgens hom sou die verkiesing in Oktober nie vry en regverdig kan wees nie weens die impak wat die Covid-19-pandemie op die hou van vergaderings en groot politieke saamtrekke het.

Moseneke het sy kommer uitgespreek dat die virus tydens stemdag kan versprei indien die grootste gedeelte van die bevolking nog nie teen daardie tyd ingeënt is nie.

Die OVK win tans regsadvies in om 'n gepaste datum vir die verkiesing te bepaal. Volgens kenners mag dit nie later as Februarie 2022 plaasvind nie.

Registrasies kan steeds by die plaaslike OVK-kantore gedoen word; selfs al is die registrasienaweek en stemdag uitgestel. OVK-beamptes sal bejaardes en gestremdes ook tuis besoek om registrasies na te gaan. Skakel met die naaste OVK-kantoor om 'n afspraak te maak.

* Bela-Bela-kiesers moet daarvan kennis neem dat die munisipale afbakeningsraad (MAR) reeds in 2020 aanpassings aangebring het aan die dorp se wyksgrense, veral dié in wyk 1 en wyk 9.

Die Pos het by die plaaslike OVK en die DA vasgestel dat 'n groot gedeelte van Noodhulp-hoewes nou met wyk 1 saamgesmelt het.

Die nuwe wyk 1-grenslyne sluit nou gedeeltes van Noodhulp, Klippan, Nooitgedacht, Driefontein en Entebe in. Die woongebied wes van Flamboyant- en Kretzchmarlaan val steeds in wyk 1, maar die gebied wes van Roodepoortstraat val onder wyk 9.

Die Tuin Tuiste-aftreeoord, asook die Renaissance-aftreeoord, val steeds onder wyk 1. Die stempunte vir wyk 1 is Laerskool Warmbad en die NG Moedergemeente in Mentzlaan.

Die OVK raai inwoners aan om hul inligting na te gaan en seker te maak dat hulle by die korrekte stempunt geregistreer is indien hulle van adres verander het of onseker is oor die nuutste afbakening.

Die Bela-Bela OVK-kantoor kan bereik word by tel. (014) 736 8006.

Mense kan ook die OVK se webtuiste by www.registertovote.elections.org.za besoek.











Gideon Grobbelaar
REKENMEESTERS
AGA (SA) geregistreer by SAICA
✓ BELASTING ✓ PASTEL
✓ BOEKHOUDING ✓ BESIGHEIDSPLANNE
✓ SALARISSE ✓ SAGE ONE ACCOUNTING
✓ FINANSIËLE STATE
Vir BK's, maatskappye, eenmansake, vennootskappe en individue
Rexstraat 2, Modimolle
Gideon 079 889 4951. e-pos: gideon@grobrek.co.za

OOGKUNDIGE
GEORGE VAN DER HOVEN
Gratis voorskrif sonbril
Terme en voorwaardes geld
066 517 2571
Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

Like
Gaan "like" Die Pos se Facebook-blad (by Die Poskoerant) en word deel van ons wêreld.




House Wives
PROCESSED VEGGIES
Food Farmers Market
Potjie Mix (Big) R32.99 each
Butternut Pieces (Big) R25 each
Roast Veggies (Big) R35.99 each
Shredded Cabbage (Big) R19 each
Soup Mix (Big) R28.99 each
Smoor Mix (Big) R26 each
SMALL R18.99 each
SMALL R12.90 each
Coleslaw (Big) R17.99 each
Sliced Mushrooms (Big) R26.99 each
Shredded Spinach R16 each
Crown Pumpkin (half) ...... R22.00 each
Cabbage (half) .................. R11.50 each
Cabbage (1/4) .................... R5.90 each
Greek Salad (Big) .............. R33.99 each
Marrow Mix (Big) ............... R26.99 each
NOW ONLY R275*
Big COMBO
what a deal! BUY AND SAVE
1x 7kg Potatoes
1x 7kg Onions
1x 7kg Butternuts
1x 5kg Beetroot
1x Bunch of Spinach
1x 5kg Carrots Select
1x Cabbage
1x 3kg Box Tomatoes
small COMBO
1x 3kg Potatoes
1x 3kg Onions
1x 3kg Butternuts
1x Bunch of Spinach
1x tp Tomatoes
1x Cabbage
NOW ONLY R125*
what a deal! BUY AND SAVE
Salad COMBO
1x Lettuce
1x Cucumber
1x tp Tomatoes
NOW ONLY R32.00*
*Products may differ. Some items may be added or removed.
PRICES VALID WHILE STOCKS LAST
Fruit & Veg Bela-Bela Pty Ltd
TRADING HOURS: Now OPEN from 08:00 until 18:00
Mo - Fri: 8:00 - 18:00. Sat: 8:00 - 14:00. Sun: 09:00 - 13:00. Public Holidays: 09:00 - 13:00
19 Potgieter Street, Bela-Bela. Tel: 014 736 5573
I LOVE Food Farmers Market
ACTUAL PRODUCTS OF OFFER MAY DIFFER FROM VISUALS SHOWN, AS THESE ARE SERVING SUGGESTIONS ONLY • NO HAWKERS • NO TRADERS. WE RESERVE THE THE TO LIMIT QUANTITIES • PRICE MAY CHANGE WITHOUT PRIOR NOTICE • E&OE

# Dit is nou genóég!



'n Vermeende booswig by die Kia Picanto-motor waar hy in hegtenis geneem is.

Marietjie Steenkamp

'n Groep mans wat vermoedelik motordeure in Mookgkophong met 'n afstandbeheerknoppie oopmaak, het hul rieme op Saterdag 24 Julie styfgeloop.

Twee selfone is op Vrydag 23 Julie uit 'n bakkie in die parkeerterrein by die OK-sentrum in die dorp gesteel. Die OK se kringtelevisieopname het glo getoon hoe verdagtes, wat in 'n wit Kia Picanto ry, die selfone uit die bakkie steel.

Volgens Kobus van Loggerenberg, voorsitter van die AfriForum-buurtwag, is die voorval en die Kia se registrasienommer dadelik op sosialemediagroepe geplaas en die AfriForum-buurtwag het dit op hul landwye groep versprei.

Een van Mokopane se AfriForum-buurtwaglede het die motor die volgende dag op die N1-snelweg tussen Polokwane en Mokopane opgemerk en die polisie en ander buurtwaglede in kennis gestel. Buurtwaglede, in samewerking met die polisie van Mokopane en ander veiligheidsrolspelers, het die voertuig opgespoor en die verdagtes is in hegtenis geneem. Die een selfoon is glo in Mokopane verkoop en die ander een is teruggevind. Die vermeende bendelede is van Mokopane.

"Ons gemeenskappe is moeg vir die misdaadgolf wat oor die land spoel, maar deur paraat te wees, self te organiseer, saam te werk, gedissiplineerd op te tree en goeie kommunikasiekanale te vestig, maak ons ons eie woonbuurte veilig," het Andries Opperman, streeksleier van AfriForum veiligheid, gesê.

* Om aan te sluit by AfriForum se tak in jou dorp, gaan na https://afriforum.co.za/kontak/sluit-aan(.)



Lede van die Bela-Bela-polisie het op Dinsdag 27 Julie 'n lekker verrassing gehad toe gemeenskapslede die polisiestasie met skinkborde kos en lekkernye besoek het. Die doel van die besoek was om die beamptes te bedank vir hul volgehoue diens en opoffering aan die gemeenskap tydens die Covid-19-pandemie. Op die foto is Rika Kruger, Caro Muller, Stefanie Henning en Hendrieka van Heerden met van die lekkernye.

## Polisie vra hulp om vermiste Modi-inwoner op te spoor

Die polisie in Modimolle vra lesers om hul te help in hul soektog na 'n vermiste persoon.

Hy is bekend as George Manu.

Dit is onbekend wanneer hy vermis geraak het, maar die laaste keer dat mense hom gesien het, het hy 'n wit baadjie met gekleurde strepe gedra, 'n bruin Uzzi-hemp met strepe, 'n rooi hemp bo-oor en 'n olyfgroen langbroek en swart skoene.

Lede van die publiek wat enige inligting het, kan die ondersoekbeampte, sers. Ciska Kruger, by die Modimolle-polisiestasie bel by tel. (014) 718 1067 of tel. 082 927 7756.

## ONS HOOR...

Sekere skole hanteer al jare lank hul skole se leierverkiesings deur middel van 'n aanlynstemproses per selfoon. Dit is 'n vry en regverdige manier en elke kind stem volgens hul ID-nommers. Hoe is dit moontlik dat die regering nog nie aan so iets gedink het vir 'n nasionale verkiesing nie? Mense het dan toegang tot selfone om vir die entstof te registreer? — Bela-Bela-inwoner

**********

Baie dankie aan almal wat die afgelope naweek deelgeneem het aan die soektog na die ontsnaptes. Ons kan net ons gemeenskappe beveilig as ons saamwerk teen booswigte. — Andries Opperman, veiligheidskoördineerde van AfriForum, Limpopo.

**********

'n Inwoner van Modimolle vra vir skenkings van kinderklere vir 'n dogter (9-11 jaar) en seun (16 jaar). Daar word ook gevra vir 'n enkelbed met beddegoed. Bel vir Susan by tel. 062 174 0867.

**********

Indien iemand in Bela-Bela dalk 'n werkende videomasjien het wat hulle nie meer gebruik nie, bel vir Ivy by tel. 073 181 2509.

## Kinders brand dood in sinkhuis

Twee jong kinders het op Sondag 25 Julie in die Masakane-nedersetting buite Radium op 'n tragiese wyse gesterf.

Volgens sers. Frans Maponya, polisiewoordvoerder, het 'n brand in die sinkhuis waar hulle geslaap het, ontstaan. Die kinders was onderskeidelik 11 en 13 jaar oud.

Die sinkhuis waarin die twee kinders geslaap het was apart van die hoofhuis, 'n staatsgesubsidieërde huis, aangebou.

Volgens Maponya het die ma van een van die kinders teen ongeveer 23:30 wakker geword van erge rook wat haar oorval het. Dit was egter te laat om die kinders te red.

Geen verdere inligting oor die slagoffers, of wat die oorsaak van die brand was, was teen druktyd bekend nie. 'n Nadoodse ondersoek word tans gedoen.

### TaalPOS

TEN MINSTE beteken "darem" (Ek was ten minste nie alleen nie). MINSTENS is getalle, bv. Daar was minstens drie mense met seer voete.


Come in We're OPEN
Aida Bela-Bela heropen op 28 Julie 2021.
Die kantoor sal tussen 10h00 en 14h00 uur beman wees.
ONS HET VOORAF GOEDGEKEURDE KOPERS EN BENODIG DRINGEND EIENDOMME OM TE BEMARK VIR VERKOPE EN VERHURING.
KONTAK ONS:
Annelie Botha (Prinsipaal):
076 317 5927
Dirk: 082 893 4723
Dirk Jnr: 082 325 7508
AIDA ESTABLISHED 1958
Lunaweg 23, Bela-Bela. TEL: 014 736 4848
E-pos: admin@aidabelabela.co.za
www.aida.co.za
Everything we touch turns to sold

KDR
Practice Number: 0936758
X-RAYS X-STRALE
SERVICES - DIENSTE
Stasiehuis 4
Potgieterstraat
Bela-Bela
Email: kdr.xray@gmail.com
Telephone: 061 437 4646

ELKE HOND KRY SY DAG
ONS IS NOU IN DIE DORP!
Dienste:
Sny/Skeer van alle tipe honde
Was van alle tipe honde
Dip "Sanitary Trim"
Dematting
Sny van naels
Skoonmaak van ore
Pryse wissel volgens grote van hond
Skakel Gerhardus
083 422 2493
Ludorfstraat 54, Bela-Bela

SPAR GOOD MORNING Deals
*Maximum of 5 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product/multi-buy/combo featured.
SAVE R100 MULTI-BUY Buy 2 for 190.00 Get an extra R20 off Rewards Customers Pay 170.00 Douwe Egberts Coffee Range Assorted 200 g
SAVE R50 Yum Yum Smooth Peanut Butter 1 kg BUY 2 FOR 100.00
SAVE R15 MULTI-BUY Buy 2 for 50.00 Get an extra R5 off Rewards Customers Pay 45.00 Excella Long Grain Parboiled Rice 2 kg
SAVE R22 MULTI-BUY Buy 2 for 36.00 Get an extra R6 off Rewards Customers Pay 30.00 Bull Brand Corned Meat (Original Only) 300 g
Specials only available at selected SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) in Pretoria and Limpopo ONLY stores, from 30 July up to and including 1 August 2021 while stocks last.
We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT. Specials are not available in Kwazulu-Natal, Lowveld, Eastern or Western Cape.
ROAD NORTHRAND SJ44088

# Belastingbetalersforum gee munisipaliteit sperdatum oor riool



**Belastingbetalers van Bela-Bela dreig die munisipaliteit met 'n regsgeding indien hulle nie teen Woensdag 4 Augustus bevredigende oplossings vir die dorp se knellende rioolprobleem by die R101-ingang bied nie. Rou riool vloei al meer as 'n jaar langs dié pad en die stank is onhoudbaar. Die foto is twee weke gelede daar geneem.** Foto: Herman Steyn

**Andries van der Heyde**

Die voortslepende rioolprobleem by die munisipale rioolaanleg in Bela-Bela kry maar net nie einde nie.

'n Vergadering op Maandag 26 Julie tussen die Bela-Bela-belastingbetalersforum (BBTF) en die munisipale bestuur het opnuut die kollig op dié knelpunt laat val en die BBTF het die munisipaliteit nou 'n sperdatum gegee om hul sokkies op te trek.

Die vergadering het gevolg nadat daar in Junie herstelwerk aan die rioolpype gedoen is. Rou riool het jare lank by die stukkende rioolpype gelek en hoofbrekens aan sakelui en die publiek by die Bela-Bela Waterfront, die Bela Mall en langs die R101-pad buite die dorp besorg.

Inwoners kla al lank dat die damme riool inwoners se gesondheid kan beïnvloed en ook die plaaslike ekonomie knou omdat besoekers deur die stank afgeskrik word.

Voorlopige herstelwerk is onlangs deur Fred van Heerden, plaaslike sakeman, gedoen nadat hy 'n kontraktuele ooreenkoms met die munisipaliteit aangegaan het. Hy het aan Die Pos gesê die werk het hom duisende rande uit sy eie sak gekos.

Hoewel Van Heerden se pogings om pype te herstel en die rioolreuk vas te vat, tot dusver suksesvol was, is die munisipale rioolaanleg volgens kenners in só 'n haglike toestand dat 'n krisis kan ontstaan indien die munisipaliteit nie dringend verdere opgradering doen nie.

Johan Mills, BBTF-voorsitter, het die munisipale bestuur die afgelope Maandag gewaarsku indien die munisipaliteit nie aandag skenk aan die probleem nie, sal 'n strafregtelike klag teen die munisipaliteit volg.

Mills het voorts gesê laboratoriumtoetse is aangevra om die moontlike teenwoordigheid van die Covid-19-virus in die water te bepaal. Die aanwesigheid van dié dodelike virus is by verskeie plekke elders in die land aangemeld.

Mills het gesê indien die munisipalteit ordentlike kontrakteurs vir die werk aanstel, kan die werk suksesvol en bekostigbaar afgehandel word. "Bekwame kontrakteurs wat gewillig is om die werk teen billike betaling te doen, is oor die hoof gesien toe tenders vir dié werk destyds oorweeg is," het hy gesê.

Die BBTF het die munisipaliteit tot Woensdag 4 Augustus gegun om 'n bevredigende, formele antwoord oor die probleem te verskaf voordat verdere stappe geneem word.

Tinus Ras, DA-raadslid, het bevestig dat amptenare na afloop van die vergadering weer die aanleg besoek het.

* Die Pos het navrae aan die munisipaliteit hieroor gerig, maar teen druktyd is dit nie beantwoord nie.

## DAGBOEK / DIARY

Slegs skole, kerke, sportklubs, liefdadigheidsorganisasies of instansies wat 'n deel van die opbrengs van hul funksies aan liefdadigheidsorganisasies in Die Pos se lesersgebied skenk, mag gratis in Die Pos se dagboekkolom adverteer.

**SONDAG, 1 AUGUSTUS:**
- Die Modimolle Animal Welfare Centre (MAWEC), in samewerking met Pet Community Outreach, doen 'n beroep op inwoners om hul troeteldiere te laat inent en steriliseer by winkel nr.10 in die Modi-Mall-sentrum in Modimolle. Die diens is van 08:00 tot 14:00 beskikbaar. Inwoners kan registreer deur vir Cheryl Oosthuysen te bel by tel. 084 506 8504. Donasies van kat- en hondekos, asook komberse, sal opreg waardeer word.

**MAANDAG 2 AUGUSTUS:**
- Die Warmbad-fotografieklub se maandelikse klubbyeenkoms vind plaas. Almal is hartlik welkom om die aanlynvergaderings by te woon en foto's in te stuur vir die maandkompetisie. Vir meer inligting bel vir Gerda de Bruto by tel. 082 563 4725 of vir Wilna Venter by tel. 083 329 1045.

**VRYDAG, 6 AUGUSTUS:**
- Hoërskool Nylstroom in Modimolle bied 'n gholfdag by die Koro Creek-gholflandgoed in Modimolle aan. Daar is heelwat pryse op die spel. Inskrywingskoste beloop R400 per persoon en sluit die baanfooi en 'n wegneemete by die halfweghuis in. Gholfkarretjies is uitgesluit. Belangstellendes kan by die gholfwinkel bespreek by tel. (014) 495 0026/30 of stuur 'n e-pos na proshop@korocreek.com(.)

**DINSDAG, 17 AUGUSTUS:**
- Die Bosveld-fotografieklub van Modimolle se volgende aanlynbyeenkoms vind om 18:15 plaas. Belangstellendes kan vir Lizelle Koch bel by tel. 082 772 2006 of stuur vir haar e-pos na lizellekoch@gmail.com(.)

PROPERTY



VERKOOP / TE HUUR
Floors Visser
Prokureurs / Attorneys
René Niemann
079 771 2141
visserprok2@gmail.com
Floors Visser - 082 857 3839
visserprok1@gmail.com
"Prokureurs wat eiendomme verkoop"
...Laagste kommissie in die kontrei op Huur en Verkoop

choose
Hassel-free
RENTALS
BUY | SELL | RENT
082 888 2026/7
CENTURY 21
Bushveld

huizemark
you're home
• Bela Bela • Modimolle • Groblersdal • Marble Hall •
BUY | SELL | RENT
082 300 7655
zmuller@huizemark.com
www.huizemark.com

Nortje
Attorneys
Where service matters when buying or selling a home
Contact Rene Nortje for all your property related enquiries
Email: rene@nortjeatt.co.za
Telephone: 083 542 8261
Website: www.nortjelaw.co.za

Looking TO BUY OR SELL PROPERTY?
Find where you belong and contact me today.
Vicki Smith
082 449 2007
Zelda Prinsloo
084 324 1028
Harcourts
Waterberg

PROPERTY

# Do's and dont's when renting property



*Tenants are often left in the dark regarding their rights and responsibilities when renting a property. We discuss some of the most common questions often asked by tenants.*

## Can tenants make changes to a rental property?

Once the lease has been approved and the tenant has moved into the property they are not allowed to make any structural additions or install fixtures without written consent from the owner.

*If the owner does give consent it is important to remember that tenants are NOT entitled to compensation for convenient changes and fixtures when the lease expires. Tenants may also NOT REMOVE these alterations/fixtures from the premises.*

Tenants may however - in some instances - be entitled to reimbursement where necessary improvements and maintenance were undertaken.

It is advisable for tenants to ask agents to propose structural changes to the landlord prior to moving in.

## How can tenants be sure to get their deposit back?

*The most important factors are to look after the property as if it was your own and to hand it back in the same condition as it was received in, with the exclusion of fair wear and tear.*

An agent will determine the initial condition of the property with a thorough inspection of the premises before the lease commences.

It is advisable that the tenant and the owner both take pictures and even videos of the property and to have a condition list with notes stipulating the condition of the property.

Both parties should sign and initial the final report. This report can then be referred back to if any issues arise later on.

## Can tenants back out of their rental leases?

A property is an investment and a vacant property not earning rental income could be detrimental to the landlord.

*A tenant is allowed to give 20 business days' notice to cancel a lease agreement at any time in accordance with Section 14 of the Consumer Protection Act.*

If the Landlord/agent makes an effort to procure a new tenant by marketing the property at market related prices after receiving notice, but fail to find a new tenant, the tenant who gave notice can be held liable for a reasonable cancellation penalty.

A reasonable cancellation penalty may require that the tenant pays the rental for the remainder of the lease should a new tenant not be sourced.

## When is rental payable and when is it late?

Rental is payable on the first of the month and is considered late by day two of the month.

*Many tenants are under the impression that they have a seven day grace period to pay, but this is NOT TRUE.*

The owner is allowed to place the tenant in breach if the rental does not clear the Landlord/ Agent's account on the first.

A Landlord is well within his/her rights to send a letter of demand on the second day of the month if the rental was not received. The tenant will be afforded 20 business days to remedy the breach. If the tenant does not remedy the breach within 20 business days, the landlord will be entitled to cancel the agreement effective immediately and to give the tenant notice to vacate.

Should the tenant breach contract and/or default on payments for three consecutive months a landlord/agent may continue with blacklisting.



Ask for permission before you decide to remove plants and fixtures.

## Can improvements be removed after lease?

If the contract requires permission to bring about improvements and the landlord did not grant such permission, the improvements will become the property of the owner once the contract expires, while the tenant will have no claim for compensation against the owner.

If the landlord had indeed granted permission, it is important to note that a tenant may only remove improvements during the existence of the rental agreement – excluding necessary improvements.

*NO improvement may be removed after expiry of the contract, for then the owner of the property also becomes the owner of the improvements. This includes new trees and plants that have been planted.*



## Be the 'good' neighbour

Noise is one of the most common complaints a landlord will get from tenants. It can be difficult to control tenants since many landlords do not actually live there. However, tenants should also be considerate towards their neighbours and vice versa.

**Below are a few examples tenants should take into account while living in close proximity of others:**

- Keep children out of the streets by making sure front gates are closed properly at all times.
- Keep the noise level down, especially during weekdays and after midnight.
- Report criminal activity and domestic violence immediately.
- Be considerate during prayer times and Sundays.

*Sources: www.privateproperty.co.za / finansies.solidariteit.co.za / www.thebalancesmb.com*

MULDER
EIENDOMME / PROPERTIES
WE RENT OUT AND SELL PROPERTIES
Various Properties for Sale and to Rent available
• Residential • Small Holdings
• Farms & Businesses
Government employees and first home buyers get special deals with financial institutions.
Graduated Buyers qualify for special Rates.
New development from as little as R695 000.
OUR AGENTS ARE READY TO ASSIST ALL THE WAY WITH YOUR PROPERTY EXPERIENCE
Schalk Vorster
Contact us on 014 717 5327 / 083 984 5841
46 Chris Hani Street, Modimolle

MD ARCHITECT ARGITEK
Alle strukture en geboue op plase, landgoed, oorde, asook in die dorpsgebied moet goedgekeurde bouplanne hê volgens die SPLUMA-wetgewing (Okt 2020) en munisipale bouregulasies.
Sonder 'n SPLUMA sertifikaat kan eiendom nie verkoop of korrek verseker word nie.
KONTAK ONS VIR PROFESSIONELE BOUPLANNE VIR NUWE OF BESTAANDE STRUKTURE/GEBOUE.
• Laagste tariewe in die Waterberg
• Vir navrae ivm SPLUMA-wetgewing, kontak gerus
MIKE: 082 326 6562. RENÉ: 079 771 2141

REAL ESTATE SERVICES
EIENDOMME GESOEK | PROPERTIES WANTED
Bela Bela | Modimolle | Bosveldsig | Koro Creek | Mookgophong | Vaalwater
YOUR PROPERTY SPECIALISTS
BUYING | SELLING | RENTING
MARIUS & CORLIA
071 346 9929 | 072 553 4692
www.realestateservices.co.za

PROPERTY FOR SALE
Sarna Groenewald:
079 074 3614
Sarnagroen@gmail.com
Mulder EIENDOMME / PROPERTIES
As u op datum wil bly met nuwe winskope, volg en 'share' my Facebook-blad:
https://www.facebook.com/SarnaGroenewald.Properties.For.Sale

ONS HET BAIE GOEDGEKEURDE KOPERS.
Benodig dringend eiendom in Modimolle en Bela-Bela.
RE/MAX
THERE'S MORE.
Bela - Bela
(014) 736 6495
081 093 6153
Mentz Str. 4
Modimolle
(014) 717 3125
081 093 6153
Nelson Mandela Ave. 8

facebook



**Die Pos-koerant**
27 JULIE 2021

**Wat is die lekkerste vleisgereg onder die son?**

Like • Comment • Share



**Yolindie Bosch**
'n Lekker stuk kruisbief-stuk (rump steak).

27 Julie • Like • 9



**Delene Erasmus O'Brien**
Wildspastei. So uniek Suid-Afrikaans.

27 Julie • Like • 6



**Madelein Rosser Roux**
Beesstert.

27 Julie • Like • 2



**Marilyn Jacobsz**
Beesstert.

27 Julie • Like • 7



**Daleen Henn**
Beslis skaapboud. Lekker met 'n vetjie en tuisgemaakte mosterd.

27 Julie • Like • 22



**Charel Bloem**
Braaivleis!

27 Julie • Like • 9



**Christien Kriel**
Skaapboud.

27 Julie • Like • 4



**Helene-Marie Erasmus**
Lamsboud, tong en skaapnekbredie.

27 Julie • Like • 4



**Marki Franken**
Braaitjoppie.

27 Julie • Like • 5



**Rachel Beukes Johnson**
Lamsribbetjie en beesstert.

27 Julie • Like • 4



**Nico Kruger**
Boerbokrib.

27 Julie • Like • 6



**Annetjie Kruger**
Beesstert en tong.


27 Julie • Like • 11



**Jacky Zeelie**
Beesskof. Lekker!

27 Julie • Like • 5

"LIKE" Die Pos op Facebook:
**DIE POS-KOERANT**




# Blommevreugde sit hartklop in die winter



**Maretha Els van Modimolle, wat self vroeër vanjaar Covid-19 opgedoen het, het op Donderdag 22 Julie en Vrydag 23 Julie 'n hele aantal bosse boslelies by dokters se spreekkamers, supermarkte en apteke in Modimolle uitgedeel. "Ek wil graag met hierdie bosse blomme dankie sê aan almal wat onverpoosd agter die skerms werk," het sy gesê. Dié foto is by die MDR-hospitaal in die dorp geneem.**

Sarita Kriek-Vosloo

Besoekers aan Paul en Maretha Els se plaas net buite Modimolle word aangenaam verras deur die oordadige skakerings van oranje en geel te midde van die vaalbruin Bosveld-winterlandskap

Volgens Maretha het haar bedding clivias (boslelies) vanjaar vroeg in Julie begin blom wat ongewoon is, want hul blom gewoonlik eers vanaf Augustus tot November. Sy het aan Die Pos vertel dat sy jare gelede so 'n oordadige kleurspel in haar tuin gehad het. "Ek het gevoel die Liewe Vader bring juis nou vir ons sonskynblomme as teken van troos en hoop te midde van hierdie winter-seerkrytyd," het sy gesê.

Maretha het vertel dat sy in Junie vanjaar self Covid-19 opgedoen het, maar intussen bykans volkome herstel het. Dit is juis wat haar aangespoor het om hierdie blommevreugde met ander mense te deel.

Sy het op Donderdag 22 Julie en Vrydag 23 Julie 'n hele aantal bosse blomme by van die spreekkamers, supermarkte en apteke in Modimolle uitgedeel. Selfs die Pos-koerant in Modimolle het 'n bos sonskynblomme ontvang. "Ek wil graag met hierdie bosse blomme dankie sê aan almal wat onverpoosd agter die skerms werk en hulle wat in liefde uitreik na almal wat hulp nodig het," het sy aan Die Pos gesê.



**Inwoners van Bela-Bela het op Donderdag 22 Julie op die parkeerterrein van die Phodi Clinic in die dorp byeengekom om vir die gemeenskap, en in besonder die pasiënte en personeellede van die hospitale in die omgewing, te bid. Die gemeenskap is diep deur die Covid-19-pandemie getref. Verskeie sterfgevalle is aangeteken en talle mense het siek geword. Gesondheidswerkers is onder groot druk en werk baie lang ure onder stresvolle omstandighede om pasiënte te versorg. Die foto is tydens die gebedsbyeenkoms geneem.**

**Daar is geen einde aan die goedheid van die Bela-Bela-gemeenskap nie. 'n Groep weldoeners, wat verkies om anoniem te bly, het die afgelope week 100 splinternuwe warm komberse en kussings aan die Phodi Clinic in die dorp geskenk. "Dit is koud en die hospitaal het die nuwe linne dringend nodig gehad," het een van die barmhartiges aan Die Pos gesê. Op die foto is van die personeellede en weldoeners by die skenking.**





**Met die kostelike foto getiteld "Op die uitkyk" het Alma Hoon van Bela-Bela die monochroomafdeling van die Warmbad-fotografieklub se maandkompetisie gewen. Die klub vergader maandeliks aanlyn. Vir meer inligting bel vir Gerda de Bruto by tel. 082 563 4725 of Wilna Venter by tel. 083 329 1045.**

# VLU maak bederfpakkies



**Die VLU-Naboomspruit-tak het op Dinsdag 20 Julie die winterkoue getrotseer en die maandvergadering buite Mookgophong bygewoon. Op die foto is Lizaan Faber en Lilian Weber (voorsitter: Soetdoring-streek) elk met 'n geskenkpakkie vir die Alzheimer-pasiënte van die Naboom Tuiste vir Bejaardes. Agter staan Hester Small, Wendy Engelbrecht en Louise Groenewald (voorsitter: Naboom-tak).**

Die vroue van die Vroue Landbou-unie (VLU) se Naboomspruit-tak het op Dinsdag 20 Julie bederfpakkies by die Tuiste vir Bejaardes in Mookgophong afgelaai.

Dié bederfpakkies was hoofsaaklik vir die Alzheimer-pasiënte en het bestaan uit warm gebreide wolhandskoene, snoesige bedsokkies en 'n heerlike eetding om die geniepsige winterkoue teë te werk.

Die vroue het gesê hulle wou graag aan die bejaardes 'n bietjie troos bring nadat hulle vir lank al in afsondering weens die Covid-19-pandemie was en nie toegelaat is om besoeke van hul geliefdes te ontvang nie.

Dié tak het op die oggend ook hul maandvergadering by Pulani Park net buite Mookgophong gehou. Hulle is tydens die vergadering toegespreek deur Lilian Weber, voorsitter van Soetdoring-streek, wat die lede geprys het vir hul aktiewe bydrae tot die verryking van die gemeenskap en hul ander werksaamhede.

Vroue wat deel is van die Naboomspruit-tak hou gereeld werksklasse waar hulle nuwe vaardighede aanleer en by kreatiewe projekte betrokke raak.

Alle vroue (oud en jonk) word genooi om by die tak aan te sluit. Die volgende werksessie is op Donderdag 5 Augustus en die maandvergadering sal op Dinsdag 10 Augustus plaasvind. Daar sal streng by Covid-19-protokol gehou word.

Vir navrae bel vir Wendy Engelbrecht by tel. 074 893 9618 of besoek hul Facebook-blad.


GOBIG
WITH SPAR Rewards
GRATIS INKOPIES VIR 58 000 KLANTE
SPAR
KOOP MY OM TE WEN
SPAR Langlewe Melk Volroom, 2% Lae-Vet of Afgeroom 6 x 1 liter
Kry R4 off
Rewards - klante betaal 74 99 per pak
KOOP MY OM TE WEN
Koo Gebakte Boontjies in Tamatiesous (Lite ingesl.) 410 g
KOOP ENIGE 3 VIR 30 00
KOOP MY OM TE WEN
KOOP 2 VIR
All Gold Tamatiesous 700 ml
50 00
KOOP MY OM TE WEN
Cheddar-, Gouda-, Wit Cheddar- of Wit Gouda-
SPAR Kaas 700 g
79 99 elk
KOOP MY OM TE WEN
Gerookte of Rooi (Hoender, Chili en Kaas uitgesl.)
SPAR Butcher's Best Weense Worsies 500 g
27 99 per pak
KOOP MY OM TE WEN
SPAR Golden Graanvlokkies 1 kg
29 99 elk
KOOP MY OM TE WEN
Nescafé Ricoffy (Kafeïenvry uitgesl.) 750 g
Kry R5 off
Rewards - klante betaal 69 99 elk
Baby Soft Toiletpapier (2-laag) 18
99 99 elk
KOOP MY OM TE WEN
Spring Sensation, Lavender of Tropical
Sunlight 2 in 1 Handwaspoeier 3 kg
54 99 elk
WIN COOL PRIZES WITH SPAR PRODUCTS
BUY ANY 2 SPAR BRAND PRODUCTS
WHATSAPP "COOL" TO 087 2406 603
STAND A CHANCE TO WIN 1 of 8 DEFY FRIDGES OR FREEZERS
TBWA\ Hunt \ Lascaris \ Durban\SJ43615\91375_390x261_AFR
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 27 Julie tot en met 1 Augustus 2021, terwyl voorraad hou.
Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Belfast en die Wes of Oos - Kaap.
TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.
Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel
Kry ons op /myspar

# FOKUS OP VEILINGS



## WENKE VIR BEGINNERS

**Vir versamelaars en winskoopjagters is daar niks soos die opwinding van 'n goeie veiling nie. As jy op soek is na veilingswenke vir beginners, lees dié moets en moenies voordat jy besluit om te bie.**



**GAAN BETALINGSVOORWAARDES VOOR VEILING NA**
Maak seker dat die veilingshuis tjek- of kredietkaarte aanvaar indien jy verkies om so te betaal.
Vra ook oor deposito's en bykomende koste. By sommige veilings moet kopers 'n terugbetaalbare deposito verskaf wanneer hulle registreer om te bie. Sommige veilingshuise voeg ook 'n koperspremie by die hamerprys.



**MOENIE TE LANK WAG NIE**
By sommige veilings moet daar onmiddellik besit geneem word van aankope. Sommige veilingshuise hef stoorgeld as aankope nie onmiddellik saamgeneem word met vertrek nie.

## Om te bie, of nie

**As jy nog nooit by 'n veiling was nie, is dit 'n goeie plan om eers as 'n waarnemer te gaan om 'n idee te kry van hoe dinge werk. Hier is 'n paar wenke hoe jy te werk moet gaan:**

**BLY KALM!**
**Emosies speel 'n groot rol by enige veiling. 'n Emosielose skare kan sorg vir 'n baie opwindende en prettige ervaring. Dink net – jy speel 'n spel van strategie met ander deelnemers terwyl elkeen sy of haar bes probeer om die laaste bod te kry. Terselfdertyd probeer deelnemers binne hul eie begroting bly om sodoende met die louere weg te stap. Veilings neig om al ons psigiese knoppies te druk. Adrenalien, koue-sweet en hartkloppings soos 'n resiesperd is van die kenmerke wat 'n mens op die "Groot Dag" kan beleef.**

*Navrae: South African Institute of Auctioneers: https://www.auctioneering.co.za/*

S.A. INSTITUTE OF AUCTIONEERS SAIA



**WOON DIE BESIGTIGING BY**
Woon besigtigings by om goedere te bekyk, selfs al het jy foto's in 'n veilingkatalogus gesien. Maak seker dat dit moontlik is – en nie te veel kos nie – om beskadigde stukke te herstel. Maak ook seker jy is vertroud met die produk voordat jy beplan om daarop te bie.



**WYS JOU 'POKERFACE'**
Bly kalm tydens die besigtiging indien jy in 'n spesifieke item belangstel. Jy wil nie noodwendig jou belangstelling aan ander bieërs bekendmaak nie. Jy kan uiteindelik kompetisie verhoog as jy te veel aandag aan 'n spesifieke item gee.

**REGISTREER VOOR VEILING**
Doen dit sodra jy aankom. Jy kan nie aan die veiling deelneem indien jy nie geregistreer het nie.

**BEPAAL JOU BEGROTING**
Stel vir jouself 'n begroting op voordat jy besluit om deel te neem. Wees op jou hoede vir "veilingskoors".

**VERMY 'N BIEOORLOG**
Moenie betrokke raak in 'n bieoorlog net omdat jy mededingend voel nie. Dit kan jou duur te staan kom.

**MOENIE BIE INDIEN JY NIE REGTIG BELANGSTEL NIE**
As die wenbod joune is, is jy gebind tot jou aankoop. Jy mag nie van besluit verander ná die val van die hamer nie.



## Voertuigveilings

**Hoewel jy soms 'n voertuig baie goedkoper kan kry by 'n veiling as by jou naaste motorhandelaar, is dit nodig om eers deeglik huiswerk te doen voordat jy besluit om dié stap te neem.**

- Besluit vooraf by watter veilingshuis jy wil aansluit. Deeglike navorsing van 'n instansie se reputasie kan jou baie trane spaar.
- Dit is 'n goeie idee om eers 'n veiling as waarnemer by te woon sodat jy met die proses vertroud kan raak.
- Veilinghuise laat kopers toe om voertuie vooraf na te gaan. Neem 'n gekwalifiseerde tegnikus saam om die voertuig na te gaan.
- Sommige bankveilings verskaf 'n tegniese verslag voordat 'n voertuig gekeur word vir die veiling. Dit gee potensiële kopers 'n beter idee waar moontlike foute aan die voertuig kan wees.
- Indien die veilingshuis 'n voertuig merk as "voetstoots", bly maar liefs daarvan weg.
- Voordat jy besluit om te bie, maak doodseker dat alle dokumentasie soos padwaardigheidsertifikate in orde is. Maak seker dat die voertuig steeds onder waarborg is en 'n opgedateerde instandhoudingsplan aangeheg is.
- Bepaal jou begroting voordat jy besluit om by 'n veiling aan te sluit en besluit vooraf watter voertuig jou belangstelling wek. Dit is belangrik om te onthou dat koperskommissie, administrasiefooie en BTW by die koopprys gevoeg word voordat die voertuig in ontvangs geneem word.
- Die toeslaan van die bod is finaal. Met die val van die hamer is daar geen omdraaikans indien jy dalk besluit om jou bod terug te trek nie. Indien jy versuim om die toegestane bedrag te betaal, mag die koop gekanselleer en jou deposito weerhou word.
- Lees die reëls noukeurig deur voordat jy besluit om 'n voertuigveiling by te woon. Indien jy nie gelukkig is met die voorwaardes nie, bly maar liefs weg.


SAND STONE



High quality - Low Prices!
Crusher Mix, Crusher Sand
Plaster Sand, Building Sand
River Sand, Bulk Fill,
SABS Cement Stocks,
Maxi Bricks, 19mm Stone,
13mm Stone, G5 Filling
Deliveries are made with $4m^3$, $5m^3$, $6m^3$, $10m^3$ or $30m^3$ tippers
Call 014 001 7206/014 736 4012
11 Industria Road, Bela-Bela
GIJIMINATHI Earthworks & Civils
Goldenfalls Pty (Ltd)

BUILDING CONSTRUCTION AND CIVIL SERVICES
"Let us turn your dream home into living memories."
Contact us for all your Top Soil, Compost, Building Material, Sand and Stone requirements.



11 Industria rd, Warmbaths
P.O. Box 812, Warmbaths, 0480
Tel: (014) 736 4012 Fax: (014) 736 4013
Cell: 082 650 6698
GIJIMINATHI Earthworks & Civils
Goldenfalls Pty (Ltd)

LH FURNITURE AUCTION
31 JULY 2021
10 AM
CALL: 076 557 9587
62 NELSON MANDELA DRIVE, MODIMOLLE

Send a message to 076 557 9587 to be added to a group



TELEGRAM AUCTIONS
SATURDAYS 09:00 - 12:00
WHATSAPP AUCTIONS
TUESDAYS & FRIDAYS 09:00 - 19:00
VIEW ITEMS AT:
62 NELSON MANDELA DRIVE, MODIMOLLE



# Eiendomveilings

**Om 'n huis op 'n veiling te koop, kan aanloklik wees want daar is soms groot winskopies, maar oppas vir "slaggate". Hier is goeie raad vir nuwe kopers:**


- Kontak eerstens 'n prokureur wat spesialiseer in eiendomstransaksies. Op hierdie manier kry jy raad en hulp as jy dit oorweeg om 'n huis op 'n veiling te koop.
- Vind eiendomme wat opgeveil word in die omgewing waar jy wil koop. Raadpleeg 'n gevestigde eiendomsagent en skenk aandag aan die geklassifiseerde afdeling van jou plaaslike koerant indien jy besluit om 'n huis in jou omgewing te koop.
- Woon eiendomsveilings in jou omgewing by voordat jy besluit om te koop. Dit gee jou 'n goeie idee hoe die proses werk.
- Voordat jy 'n veiling bywoon, maak doodseker dat jy kwalifiseer vir die leningsbedrag waarvoor jy wil koop.
- Hersien alle dokumentasie wat verband hou met die huis waarin jy belangstel. Maak seker dat geen agterstallige skuld aan die koop gekoppel is nie.
- Besoek of kontak die munisipale kantoor in die omgewing van die eiendom wat jy wil koop. Vra alle soorte vrae oor die verskeie wette, ordonnansies, soneringskwessies en giftige of gevaarlike afvalprobleme wat jou transaksie kan beïnvloed.
- Besluit vooraf wat jou maksimumbod by die veiling sal wees. Moenie toelaat dat jy uitgevang word en die voorafbepaalde prys jou begroting oorskry nie.



# Losgoedveilings

**Veilings is wonderlik vir die vind van unieke meubels en losgoed teen kospryse, maar maak eers kennis met die proses. Basiese reëls geld ook hier.**

- Besluit vooraf waarin jy belangstel. Wat is die prys van die gewenste item of items? Hoeveel is jy bereid om te bestee? Items moet onmiddellik ná die veiling verwyder word. Maak dus seker dat jy vervoer het om jou losgoed mee weg te ry.
- Gaan die inventaris deeglik na. Vra vir 'n katalogus of kyk aanlyn wat beskikbaar is. Dit is beter om die items vooraf na te gaan vir foute. Vra vir 'n toestandverslag en indien jy die item sélf wil herstel, bepaal alle bykomende koste.
- Indien jy besluit om die veiling by te woon, bly by die begroting waarop jy besluit het. Onthou, die toeslaan van die bod is finaal.



# Wees wakker by veeveilings



**Niel Swart, bemarker en afslaer van veral vee en wild, sê daar is niks lekkerders as die gevoel wanneer 'n veiling "lóóp" nie.**

Tradisionele veeveilings is eers diep geraak deur die uitbraak van bek-en-klouseer sowat twee jaar gelede en daarna deur die Covid-19-inperkings en gepaardgaande ekonomiese insinking, maar deesdae word daar weer flink veilings gehou.

"Aanlynveilings is 'n nuutjie wat al hoe gewilder onder veeboere raak," sê Swart, maar mense het nog steeds kundigheid, goeie advies en 'n rand of twee in die sak nodig om 'n winskoop op 'n veiling raak te loop.

Kopers op die weeklikse veilings is gewoonlik mense wat die pryse baie goed ken soos agente vir voerkrale, slagters, spekulante en boere wat diere op die veld groot- of vetmaak.," sê hy. "Hulle weet gewoonlik presies waarna hulle soek teen watter prys en ken die mark.

Tradisionele veeveilings is egter nog so deel van die Bosveld soos biltong met geelvet en kondensmelkkoffie.

Swart het 'n paar wenke vir boere en telers wat hul diere op stoet- en aanteelveilings wil koop:

- Doen vooraf goeie huiswerk. Besluit watter dier jy in jou kudde of stoet nodig het. Doen dan byvoorbeeld navorsing oor die bul of ram se eienskappe. Kyk na die genotipe (die bloedlyne en die spesifieke ras se teelwaarders) en ook na die fenotipe (hoe moet die dier se voorkoms lyk en waarna moet jy oplet). Vra jou bemarker of afslaer vir raad hieroor.
- Merk so vier of vyf diere wat in jou smaak val en koop dan die een wat die beste by jou begroting pas. Moenie al jou hoop op een dier plaas nie, want soms is dit die een "wat almal wil hê" en word die prys te hoog vir jou sak.
- Wees wakker en oplettend op die veiling. Moenie aan die slaap gevang word nie. En seker die belangrikste: Geniet elke oomblik – van die bie tot die veilingstannie se vetkoeke!

**VERKOPERS:**
Bring jou Artikel 6 identifikasie, asook afskrif van brandmerk, gesondheidsverslag saam wanneer vee na die veiling gebring word. Alle vee word noukeurig ondersoek deur 'n veearts voor hul aangebied word op die veiling. Kopers moet voor die veiling registreer om 'n kopernommer te verkry. Toon jou FIKA bewys van lidmaatskap, identiteitsnommer en bewys van adres.






58 Years/Jaar

IN DIENS VAN DIE VEEBOER / OF SERVICE TO THE LIVESTOCK FARMER

# OPKOMENDE VEILINGS

## AUGUSTUS

| DINS | WOENS | DOND | VRY |
|---|---|---|---|
| 3 Pietersburg Brits | 4 Warmbad | 5 Vivo Baltimore | 6 Northam |
| 10 Pietersburg Roedtan | 11 Warmbad | 12 Sentrum Vaalwater | 13 Northam |
| 17 Pietersburg Brits | 18 Warmbad | 19 Baltimore | 20 Northam Ellisras |
| 24 Pietersburg | 25 Warmbad | 26 Steenbokpan Alldays | 27 Northam |
| 31 Pietersburg | | | |

19 Augustus | Frans Stapelberg Losgoedveiling (Marble Hall)

## SEPTEMBER

| DINS | WOENS | DOND | VRY |
|---|---|---|---|
| | 1 Warmbad | 2 Vivo Baltimore | 3 Northam |
| 7 Pietersburg Brits | 8 Warmbad | 9 Sentrum Vaalwater | 10 Northam |
| 14 Pietersburg Roedtan | 15 Warmbad | 16 Baltimore | 17 Northam Ellisras |
| 21 Pietersburg Brits | 22 Warmbad | 23 Alldays | 24 Northam |
| 28 Pietersburg | 29 Warmbad | 30 Steenbokpan Vivo | |

## OKTOBER

| DINS | WOENS | DOND | VRY |
|---|---|---|---|
| | | | 1 Northam |
| 5 Pietersburg Brits | 6 Warmbad | 7 Baltimore | 8 Northam |
| 12 Pietersburg Roedtan | 13 Warmbad | 14 Sentrum Vaalwater | 15 Northam Ellisras |
| 19 Pietersburg Brits | 20 Warmbad | 21 Baltimore | 22 Northam |
| 26 Pietersburg | 27 Warmbad | 28 Steenbokpan Alldays | 29 Northam |

8 Oktober | Kalahari Beefmaster Produksieveiling (Vryburg)
8 Oktober | Soutpansberg Bonsmaras (Vivo)
16 Oktober | Premium Genetics Brahman Veiling (Castle de Wildt, Modimolle)

## NOVEMBER

| DINS | WOENS | DOND | VRY |
|---|---|---|---|
| 2 Pietersburg Brits | 3 Warmbad | 4 Vivo Baltimore | 5 Northam |
| 9 Pietersburg Roedtan | 10 Warmbad | 11 Sentrum Vaalwater | 12 Northam |
| 16 Pietersburg Brits | 17 Warmbad | 18 Baltimore | 19 Northam Ellisras |
| 23 Pietersburg | 24 Warmbad | 25 Steenbokpan Alldays | 26 Northam |
| 30 Pietersburg Brits | | | |

12 November | Limpopo Beefmaster Veiling (Warmbad)

## DESEMBER


| DINS | WOENS | DOND | VRY |
|---|---|---|---|
| | 1 Warmbad | 2 Vivo Baltimore | 3 Northam |
| 7 Pietersburg Brits Roedtan | 8 Warmbad | 9 Sentrum Vaalwater Alldays | 10 Northam Ellisras |
| 14 Kantoor Sluit | | | |

ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers Livestock Auctioneers
Eiendomme / Properties LIMPOPO

www.andrekocklimpopo.co.za

*Besoek ons webtuiste vir meer inligting*

- Spesiale Stoetveeveilings
- Uit-die-hand Transaksies
- Lewendehawe Vervoer
- Kommersiële Veilings
- Vakkundige Dienste
- Eiendomme
- Losgoed veilings
- Kleinvee veilings



Volg ons facebook

Kantoor 014 004 0028/9 | andrekocklimpopo@sastud.co.za

# LIKWIDASIEVEILING #2

## GROOTSKAALSE AANLYNVEILING VAN INDUSTRIËLE VOORRAAD EN TOERUSTING

SAS AUCTIONS

## 29 Jul - 3 Aug 2021

Om te registreer: Besoek www.sasauctions.co.za of stuur 'n e-pos na auctioneer@sasauctions.co.za of kontak Pieter Heyns by 083 65 444 22

**VERSKEIE SOORTE STAALKASTE, LANDBOUTOERUSTING, "RIGGING" TOERUSTING, ELEKTRIESE MOTORS EN POMPE, ELEKTRIESE TOEBEHORE (TE VEEL OM OP TE NOEM), BLOCK & TACKLES, SHACKLES, SKROOTYSTER,**










**GROOT HOEVEELHEDE OLIE-, HIDROLIESE-, PETROL- EN LUGFILTERS (ALLES NUUT), YSKASTE, KOMBUISWARE, BEARINGS, PALE**







**LANDINI TREKKER, TUK-TUK, HOEKYSTERS, WATERPYPE, KOMPRESSOR EN VELE MEER.**

## Terme en voorwaardes

Veiling vind aanlyn plaas vanuit Thabazimbi, Limpopo. Vervoerreëlings kan getref word.

Besoek ons Facebook blad @SASAUCTIONS of ons webwerf www.sasauctions.co.za vir meer inligting en foto's.

FICA vereistes geld vir registrasie

GEEN DEPOSITO

GEEN KOPERSKOMMISSIE

Reëlings kan getref word om namens u te bie.

COVID-19 protokol sal geld tydens besigtiging

# Rekordtemperature laat mense bibber



**Selfs Waterbergers het hierdie winter gebibber. Foto: freepik**

Die dubbele kouefront wat sedert verlede week die Kaap en daarna die res van die land getref het, het gesorg dat 'n paar rekord- en yskoue temperature aangeteken is.

Bela-Bela, wat bekend is vir sy gematigde klimaat, het die lys van rekordlae temperature gehaal.

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het aan Die Pos bevestig dat die inligting wat teen Vrydag 23 Julie deur sosiale media uitgereik is, korrek is.

Altesame 19 plekke het nuwe temperatuurrekords behaal.

Die koudste hiervan was Kimberley wat verlede Vrydag 'n ysige -9,9°C behaal het. Dit is die koudste wat sedert 2000 in dié omgewing aangeteken is. Die vorige laagste temperatuur was -8,8°C.

Die ander rekordtemperatuur was in Johannesburg waar -7°C aangeteken is. In 1995 het die laagste temperatuur van -6,3°C inwoners laat bibber.

Kroonstad, wat altyd koud in die winter is, se nuwe rekord is -8°C, teenoor 1990 se -7,7°C. Bronkhorstspruit het ook 'n nuwe rekord van-7,4°C behaal (-7,1°C in 2011). In Orania in die Noord-Kaap is dit hierdie winter ysig. Hulle het twee weke gelede 'n nuwe rekord van -7°C gehaal en Vrydag het die kwik tot -7,4°C gedaal.

In ons eie omgewing het Waterbergers almal gesê hierdie is 'n besondere koue winter. Die kwiklesing wat by die Towoomba-landbounavorsingstasie, net buite Bela-Bela geneem is, was die laagste lesing wat sedert 1964 (57 jaar) aangeteken is. Die kwik het op -5,6°C gedraai.

Die weerdiens voorspel dat temperature teen die naweek sal styg en dat die kouefront die wyk sal neem.






# Aanlynveilings: Beweeg saam met die tye

**Tye verander vinnig en deesdae word sakelui gedwing om meer doeltreffend te werk, nuut te dink en die hulpmiddels binne hul bereik in te span om op nuwe maniere sake te doen. Aanlynveilings het 'n paar jaar gelede al kop uitgesteek en raak daagliks meer gewild onder kopers én verkopers. Om sake aanlyn te doen, is internasionaal die "nuwe normaal".**

Alle aanlynveilings verskil van mekaar. Om byvoorbeeld 'n motor aanlyn te koop, het 'n laer drukomgewing, maar die aantal opsies kan maklik 'n onverskillige koper verlam. Geklassifiseerde webwerwe bied 'n paar goeie aanbiedinge en die gemak en diens is moeilik om elders te vind.

In Suid-Afrika is daar drie soorte aanlynveilings wat gebruik word: lewende videostroom-veilings, tydgebonde veilings en digitale lewende veilings.

Lewende videostroomveilings beteken dat kopers persoonlik by die veiling 'n bod insit of deur middel van 'n aanlynfasaliteit kan bie.

Tydgebonde veilings word gehou deur foto's en video's van items op die rekenaarskerm te vertoon, terwyl lotte vir 'n sekere tydperk open en kopers die geleentheid het om 'n bod in te sit. So 'n bod bly vir 'n dag of twee, of selfs langer, oop en kan baie tydsaam wees.

Digitale lewende veilings vertoon foto's en video's van items terwyl die item steeds op die perseel is. Kopers kan aanlyn op die gekose item bie. Hierdie tipe veilings is minder tydsaam en word gewoonlik binne 'n kort tyd afgehandel. Die verkoper weet onmiddellik watter prys hy of sy gekry het en die koper kan dadelik reëlings begin tref vir die afhaal van die item.

Aanlynveilings hou groot besparings in vir die koper en verkoper. Die veilingshuis wat digitale lewende veilings aanbied, het moontlik aanvangskapitaalkostes nodig om die tegnologie in plek te kry, maar daarna kan 'n veiling baie groter word sonder dat enige ekstra personeel en kommissie betaal hoef te word. Die minimum personeel is nodig en koste soos huur van persele en werkers is iets van die verlede.

Die verkoper spaar ook baie geld omdat hy nie nodig het vir instandhouding van sy produkte nie. As hy nie sy minimumprys kry nie, is dit nie nodig om die produk weg te bêre of noodgedwonge 'n swakker prys te aanvaar nie.

Die koper trek self voordeel uit hierdie digitale veiling deurdat hy of sy die transaksie vanuit 'n kantoor kan beklink.

Dit is wonderlik om van 'n vreemde land te koop as die kanse skraal is dat jy ooit persoonlik só land sal besoek. Jy kry die geleentheid om te koop, maar hou in gedagte dat wisselkoerse 'n groot rol kan speel. Afhangende van die huidige wisselkoers, kan jy veel meer betaal as net die prys wat jy bie.

Boere maak deesdae baie gebruik van aanlynveilings. Hulle maak veral gebruik van lewende videostroom-veilings waar kopers die veiling kan bywoon of aanlyn kan deelneem.

Daar is wel ekstra koste wat die veilingshuis se kommissie in gedrang kan bring, aangesien die maatskappy wat die aanlyngedeelte van die veiling behartig, uit die kommissie wat gegenereer word, betaal moet word. Dit is egter die enigste bykomende koste, terwyl die veiling baie groter kan wees as 'n tradisionele veiling en die wins aansienlik meer.

Die nuwe formaat het geensins 'n invloed op die kommissie van agente nie en in gevalle waar items nie fisiek op die veiling is nie, word daar baie op perseelkoste bespaar.

Geloofwaardigheid speel by elke veilingshuis 'n baie belangrike rol. As 'n koper of verkoper oor die eerlikheid van 'n veilingshuis twyfel, begin die rooi ligte flikker.

Digitale stelsels is gewoonlik so opgestel dat indien 'n persoon oneerlik is, hy of sy maklik uitgevang en geblokkeer kan word en sodoende nie verder mag deelneem nie.

Uit alle oorde blyk dit dat aanlynveilings teen 'n reusespoed toeneem. Hoewel daar altyd plek sal wees vir tradisionele veilings waar die sosiale aspekte en samesyn van kopers ook 'n belangrike rol speel, word aanlynveilings al hoe gewilder in die vinnig ontwikkelende omgewing waarin ons leef.


Verkopers kan heelwat geld spaar deur middel van tegnologie. Hulle moet egter hul huiswerk deeglik doen oor wat die totale bemarkingskoste is voordat hulle besluit wie hulle wil bemark.

Aanlynveilings stel kopers in staat om by hul begroting te bly en dit boonop in die die gemak van hul eie huise.

*Bronne: afactince.com/agriorbit.com/www.ovk.co.za/ www.businesslive.co.za*



# Another pack of free-roaming wild dogs in the Waterberg



**Two free roaming adult male African wild dogs were spotted in the Mabula Private Game Reserve in the Rooiberg area. One of the wild dogs were fitted with a GPS collar to monitor their movement. According to the Waterberg Wild Dog Initiative (WWDI) the two wild dogs were from the northern region of Limpopo.**

**Sarita Kriek-Vosloo**

The Waterberg Wild Dog Initiative (WWDI) has been actively involved in the conservation of free-roaming African wild dogs in the Waterberg district for the past year.

The fitting of GPS tracking collars on adult dogs enables the WWDI to gather valuable information as well as monitor the movement of the free-roaming packs.

Reilly Mooney of the WWDI told The Post about the rediscovery of a second free-roaming pack in the Waterberg district, near Mabula Private Game Reserve in the Rooiberg area. According to Mooney this pack comprises of two adult male dogs of which one has been fitted with a satellite collar in February 2020, but since the GPS component stopped functioning in January 2021, their whereabouts were unknown.

"Originally the two males were part of another pack in Northern Limpopo, close to the Botswana border, but they broke away at the beginning of this year. However, they were spotted in June by members of the public in the Melkrivier area and then in July at Mabula Private Game Reserve, which means they have travelled over 330 km from their old home range to the Rooiberg area," she said.

Mooney told The Post that visitors at Mabula spotted the two males when they were trying to seize a fresh wildebeest carcass from two cheetahs.

In order to monitor this second pack, the WWDI, in collaboration with the Endangered Wildlife Trust (EWT), worked with Andy Fraser (veterinarian) and a team of community members to place a GPS tracking collar on one of the dogs.

This latest collaring took place on Thursday 15 July at the Mabula Private Game Reserve where the dog was darted on foot. With the help of Mabula's staff and community members, the entire operation was completed within two hours. According to Mooney they received confirmation that both dogs were spotted later that same day and that they were doing well.

"This successful collaring would not have been possible without the generous contribution of The Aspinall Foundation (TAF), which is a charitable foundation based in the United Kingdom, devoted to the conservation of endangered wildlife species. The Rory Hensman Conservation & Research Unit (RHCRU) based at Adventures with Elephants in Bela-Bela also contributed towards this project," she said.

Mooney told The Post that they are hopeful that other free-roaming dogs in the area will join this new pack to possibly form another breeding pack in the Waterberg district. She said "the smaller the pack, the more likely it is to travel undetected through privately owned farms and game farms, therefore it is imperative to be able to track them". Wild dogs are very adaptive and are able to thrive in rocky mountainous areas as well as grasslands, which makes the Waterberg and greater Limpopo, ideally suitable.

The Post recently reported on the only breeding-pack in the Waterberg district that welcomed seven new pups this year. The WWDI partnered with the EWT and the owners of the private property, near Lephalale, to allow members of the public to visit the denning area in order to get a closer look at the pups. Interested parties may contact the WWDI to book such an experience in advance.

Find out more on the WWDI's Facebook page: Waterberg Wild Dogs, or e-mail waterbergwilddoginitiative@ gmail.com(.)

# Bekende boer se dood laat 'n leemte



**Japie Spanio, bekende boer van Roedtan, is op Dinsdag 13 Julie aan Covid-19-komplikasies oorlede. Hy het diep spore in landboukringe getrap en was baie betrokke by veiligheid van die gemeenskap.**

**Marietjie Steenkamp**

Japie Spanio, 'n bekende boer van Roedtan, is op Dinsdag 13 Julie aan Covid-19-verwante komplikasies oorlede.

Spanio, wat ook baie bekend in TLU-veiligheidsgeledere was, het altyd 'n woord van bemoediging en ondersteuning vir elkeen gehad; of hy hulle geken het of nie, het sy seun, Gaspare, aan Die Pos gesê. "Hy was 'n man wat 'n pad met die Here gestap het."

Spanio sal onthou word vir sy groot bydrae in die TLU se landelike veiligheidskringe waar hy meer as 25 jaar gedien het. Hiervan was hy 19 jaar lank by die noordstreek se veiligheidskomitee betrokke. Hy was ook voorsitter van die Potgietersrus-DLU se veiligheidsafdeling. Hy was die koördineerder van verskeie oorgrensveiligheidsgroepe en was verantwoordelik vir talle programme wat vir landelike veiligheid op die been gebring is.

Spanio is 'n boorling van die Bosveld en is op 1 April 1949 in die Baltimore-omgewing gebore waar hy grootgeword het. Het hy aan Hoërskool Piet Potgieter in Mokopane gematrikuleer waarna hy Weermag toe is en was een van die jongste sersantmajore (RSM) van daardie tyd. Hy het ná sy Weermagopleiding by Steward & Lloyd's begin werk en is in 1970 met Pikkie getroud.

Hy het in die vroeë negentigs op Roedtan begin boer. "Hy het baie gedoen vir landelike veiligheid en altyd 'n positiewe verandering teweeg gebring. Hy was 'n lojale buurman en het help bou aan die strukture van die landbou in ons omgewing," het Floris Booysen, voorsitter van die Potgietersrus-DLU en jarelange buurman, gesê.

Hy laat sy vrou, Pikkie, en twee kinders, Gaspare en Suzette, en twee kleinkinders agter.

**Willem Pietersen van Bela-Bela was die fotograaf wat hierdie blouvalk op film vasgelê het. Hy is lid van die Warmbad-fotografie-klub. Die klub vergader maandeliks aanlyn. Vir meer inligting bel vir Gerda de Bruto by tel. 082 563 4725 of Wilna Venter by tel. 083 329 1045.**





# Baanbreker-plantkenner oorlede

**Andries van der Heyde**

Die bekende en gerespekteerde natuurkenner, Hans Vahrmeijer (78) van Bela-Bela, is op Saterdag 17 Julie in die Phodi Clinic in die dorp oorlede.

Vahrmeijer het in die dae voor sy dood chemoterapie vir beenmurgkanker, wat reeds in 'n gevorderde stadium was, ontvang.

Vahrmeijer is in 1942 in Zoeterwoude, Nederland, gebore.

Volgens sy familie het hulle in 1950 na Suid-Afrika verhuis omdat die warmer klimaat meer geskik was vir Vahrmeijer, wat met 'n ernstige en pynlike beensiekte gediagnoseer is. Die gesin het hulle in die Hartbeespoort-omgewing gevestig.

Hy het sy laerskoolloopbaan in Hartbeespoort en later sy hoërskoolopleiding in Brits voltooi.

Vahrmeijer het hom by die Suid-Afrikaanse Weermag se spesiale magte aangesluit. Hy het daarna 'n handleiding vir oorlewing in die natuur saamgestel en was ook lid van die Selous Scouts wat deelgeneem het aan die Rhodesiese-bosoorlog in die vroeë 1970's.

Vahrmeijer het 'n meestersgraad in plantkunde aan die Potchefstroomse Universiteit (nou die Noordwes Universiteit) behaal. Hy het na afloop van sy studies by die destydse departement van tegniese dienste van die Pretoria-stadsraad begin werk. Die botaniese tuin het onder hierdie afdeling geval.

Sy uitgebreide kennis oor gifplante het van hom 'n wêrelddeskundige gemaak en hy was ook stigterslid van die nasionale gifsentrum. Hy het ná sy aftrede steeds plante vir die sentrum versamel.

Hy het die land tydens sy loopbaan deurkruis op studiereise. Hy is die taak opgelê om inheemse bome langs ons land se paaie uit te ken en aan te teken.



**Hans Vahrmeijer (78) van Bela-Bela is verlede week in die Phodi-kliniek oorlede ná 'n lang stryd teen beenmurgkanker.**

Volgens sy familie het hy 'n besondere gawe gehad om plante aan hul unieke reuk uit te ken. Dit is 'n vaardigheid wat hy goed aangewend het in sy loopbaan.

Hy het talle boeke geskryf waaronder 'n boek oor giftige plante wat veevrektes veroorsaak. Hierdie boek word vandag steeds deur universiteite as handleiding gebruik.

Hy het verder 'n groot bydrae gelewer tot die eerste nasionale lys van inheemse bome en was in die proses om 'n boek oor die medisinale plante van die Khoisan's te publiseer.

Vahrmeijer se eerste vrou, Mada, 'n onderwyser en dosent by die destydse Pretoria Technikon, is in 2002 dood. Hy en sy tweede vrou, Cecelia, het hulle ná sy aftrede in Bela-Bela gevestig.

Die gesin onthou met 'n glimlag hoe hy twee jong krokodille van die Kariba-dam in Zimbabwe na die botaniese tuin in Pretoria gebring het. Die twee jong krokodille, met die name Krokkie en Dil, was die bron van baie staaltjies en het baie hoofbrekens besorg en moes gereeld in koelhouers verskuif word. Hulle onthou ook hoe hulle 'n magdom insekte moes vang om die twee krokodille se dieet aan te vul. Dit is kosbare herinneringe en ervarings wat hulle vir altyd sal koester. Krokkie en Dil het in 2002 permanente inwoners van die Pretoria-dieretuin geword.

Die twee ander "weeskinders" wat hy versorg het, was 'n apie en 'n ystervark. Hierdie twee diere het groot pret veroorsaak en die familie lag nou nog oor hul manewales.

Vahrmeijer was 'n toegewyde Christen en het gereeld artikels vir die kerkblad geskryf. Hy was ook baie betrokke by die onderskeie gemeentes waarvan hy lid was.

Dries de Klerk, een van sy vriende, het aan Die Pos gesê hy kan Vahrmeijer in drie woorde opsom: Godsman, gesinsman en volksman.

"Hy was lief vir kinders en was die eerste Voortrekker-kommandant in die Welbekend-omgewing. Hy het in dié beweging sy kennis oor die veld en plante uitgeleef en graag sy kennis oor die veld met jongmense gedeel."

Sy familie het gesê hulle eer hom as 'n man van formaat en 'n wonderlike vaderfiguuur vir sy uitgebreide familie.

Sy begrafnis het op Vrydag 23 Julie in die dorp se begraafplaas plaasgevind.

# Gewilde RSG-omroeper sterf



**Amanda Olivier, inwoner van die Kokanje-aftreeoord en bekende RSG-omroeper, het op Sondag 25 Julie aan Covid-19-verwante komplikasies gesterf.**

**Sarita Kriek-Vosloo**

Die voormalige radiopersoonlikheid en RSG-omroeper, Amanda Olivier, is op Sondag 25 Julie aan Covid-19-verwante oorsake dood.

Sy het die afgelope vyf jaar in die Kokanje-aftreeoord in Modimolle gewoon.

Marie Meyer, haar suster wat ook in Kokanje woon, het tydens 'n onderhoud met Die Pos vertel dat Olivier einde Junie siek geword het. "Sy is aanvanklik vir drie dae in die Phodi Clinic in Bela-Bela opgeneem waarna sy oorgeplaas is na die harthospitaal in Pretoria waar sy vir drie weke in die Covid-19-saal behandel is. Haar toestand het egter verswak en sy is na die hoësorgeenheid verskuif waar sy vir 'n week lank aan 'n ventilator gekoppel was. Haar toestand het in die vroeë oggendure van Sondag 25 Julie skielik drasties verswak en sy het omstreeks 07:00 gesterf," het Meyer vertel.

Volgens haar suster was sy gelukkig getroud met Jan Olivier wat jare lank nuusredakteur by die destydse SAUK in Pretoria en later in Bloemfontein was. Hy is in 2003 oorlede waarna sy na Johannesburg verhuis het. Olivier het geen kinders van haar eie gehad nie, maar was 'n geliefde ma vir die twee dogters en een seun uit Jan se eerste huwelik.

Meyer vertel dat haar suster die wêreld vol gereis het en dat die kosbare herinneringe aan die reise wat hulle twee meegemaak het na onder meer Europa en die Griekse eilande, haar altyd sal by bly.

Olivier het ongeveer tien jaar gelede afgetree, maar het tot in 2019 vryskutwerk vir RSG gedoen. Sy sal veral onthou word as aanbieder van die gewilde Musiek sonder grense-program wat haar liefde vir reis weerspieël het. Meyer vertel hoewel haar suster oorspronklik 'n onderwysdiploma voltooi en onderrig in Johannesburg gegee het, het sy later jare as kranige verslaggewer in Durban gaan werk. Dit is ook daar waar sy haar eggenoot ontmoet het. Die egpaar het na Bloemfontein verhuis.

Olivier was ook 'n kontinuïteitsaanbieder op RSG van verskeie inligtingsprogramme soos Wat sê die dokter/ veearts/ prokureur? Asook 'n kinderprogram, Siembamba. Volgens haar oudkollegas het sy geleef vir haar werk as omroeper. Albé Grobbelaar, 'n bekende radio- en TV-man, vertel dat hy Olivier in 1984 aangestel het by die Afrikaanse Radiodiens in Pretoria wat later as RSG bekend gestaan het.

Die RSG-omroeper Derrich Gardner onthou Olivier se wye musiekkennis en haar liefde vir uitsaai. Leon van Nierop, bekende skrywer en rolprentresensent, het jare saam met Olivier by die SAUK gewerk. Hy vertel dat hulle oor enige beuselagtige onderwerpe kon praat. "Amanda het goedheid in haar hart gehad, opregtheid en menslikheid. Ek het die indruk gekry dat uitsaai vir haar amper heilig was; iets wat sy met toewyding en erns aangepak het. Ek kon my verluister aan haar wonderlike stem," het van Nierop gesê.

Die RSG-omroeper Amore Bekker het vertel dat Olivier se aansteeklike lag van ver gehoor kon word. "Wanneer ek haar lag gehoor het, het ek geweet die dag gaan oukei wees — ons gaan oukei wees. Nou is daardie lag vir altyd stil."

Olivier laat haar drie stiefkinders en hul eggenotes en vier kleinkinders agter. Die gedenkdiens vind op Saterdag 31 Julie om 11:00 in Wonderboom, Pretoria, plaas.




## A tribute to Mr. E J Burger

(the late Principal of Lord Milner School)

**1964-07-27 — 2021-07-04**

**HIS EYES:**
Could see into your soul and read it even before you said a word,
Would sparkle whenever he spoke of the Lord, with infectious enthusiasm,
Shone with mischief when, with an oversized hockey stick, he played against the learners,
His eyes said, I care.

**HIS MOUTH:**
Always spoke a kind word, filled with wisdom,
Allowed any anger you felt, to disappear like the morning mist,
Would reply with self-control, no matter how challenging the situation was,
Would speak with dignity no matter the criticism levelled at him,
Could calmly defuse a difficult situation,
Could be tempted, in a figurative sense, with milk tart and biltong,
Could convey his thoughts on the Big Bang theory with enthusiasm,
Could describe, in the minutest detail, how the latest technology worked. There was nothing you could teach him about a cell phone.

**HIS EARS:**
Would listen, impartially, to what his staff and learners said, before uttering a word,
Would oftentimes pretend to hear, when his hearing aid was turned down, because of the commotion around him,
Was never too busy to hear what you had to say.

**HIS SOUL:**
Ensured you that he was there for staff, as well as learners,
Was never arrogant or complacent, no matter the number of sporting accolades behind his name,
Was focused on how many souls he could win for Christ through rugby, and not on his achievements as coach,
Often began a sentence with "from the bottom of my heart".

THIS IS HOW WE WILL REMEMBER HIM, AND WE WILL CONTINUE TO LIVE OP TO HIS VALUES HERE AT LORD MILNER.

**May we all strive to radiate God's loving care as Mr Ettiene Johannes Burger did.**

Sir, we salute you and are going to miss you dearly. **Till we meet again.**

*From the SGB, Staff and Learners of Lord Milner School*

Lord Milner School



MARUMO A BATHO
RE LWELA SETSHABA

